Miskien sal hy dan volgende jaar vrugte dra. Maar so nie, kan u hom uitkap."

Waarom dra die boom nie vrug nie?

Is die boer verkeerd om vrug te verwag?

Die tuinier neem die boom se verantwoordelikheid op Hom !

Die tuinier onderhandel vir die boom 'n genadejaar.

Hoe Het Jesus vir jou 'n genadejaar onderhandel? _____

Waarom kom maak Jesus vir ons 'n genadejaar? _____

Wat hoop die tuinier gaan met die boom gebeur gedurende die genadejaar?

Miskien... _____

Genade is 'n geskenk van God. Wat behoort 'n mens se reaksie te wees op 'n geskenk? _____

Wat gaan jou reaksie wees op die genadejaar wat Jesus vir jou kom onderhandel het?



Mens tot mens

Wat is die wonderlikste boodskap wat jy nog gehoor het?

Sou dit nie die wreedste ding denkbaar gewees het as jy so 'n waardevolle boodskap vir jouself hou nie?

Ondersteun mekaar en bid vir mekaar dat julle hierdie groot boodskap suksesvol sal uitdra na almal wat wil luister.

Kerkstraat 24B (Walter Sisulu)
Posbus 101
Middelburg

Telefoon: +27(13)2827153
Faks: +27(13)2827153
E-pos: kantoor@witkerk.co.za

'n Biddende gemeente wat haar verdiep in God se Woord

God se genadejaar

Nederduitste
Gereformeerde Gemeente
Middelburg



Mens tot mens

Deel julle hartseer en vreugdes in die groep.

Vertel vir mekaar van die grootste geskenk wat jy nog in jou lewe ontvang het.



Mens tot God

Vra iemand om voor te gaan in gebed.
Loof God

510 Genade, onbeskryflik groot

1. Genade, onbeskryflik groot
het U aan my bewys:
verlore seun - 'n wegloopkind -
weer in die vaderhuis.

2. Ek is die naam van kind nie werd -
wou self my sake reël.
My lewe, kanse, tyd en geld



God tot mens

Jesus se intreepreek: Lukas 4: 1-21

Lukas 4:18*"Die Gees van die Here is op my. Hy het my aangestel om goeie nuus te bring vir daardie mense op wie almal neersien; van nou af is hulle vir God baie spesiaal. God het my gestuur om vir die gevangenes te sê dat hulle vonnis vir altyd verby is; en om die blindes weer te laat sien, om almal wat verdruk word te kom bevry, en om aan te kondig: 'God se bonusjaar is hier, sy groot jaar om stukkende mense se lewe heel te maak.' (Boodskap)*

"Vandag is hierdie Skrifwoord wat julle nou net gehoor het, vervul."

Jesus se boodskap by sy intreepreek is nie 'n Wettiese boodskap nie.

Dit is nie 'n oordeelsboodskap nie.

Dit is nie 'n moralistiese boodskap nie.

Dit is 'n boodskap van _____

Wat vra Jesus van die mens in die boodskap? _____

Wie is die doener in Jesus se boodskap?

Jesus is die aangesig van God se genade!

Met watter missie het Jesus na die aarde gekom? _____

Sou jy graag 'n tweede kans wou hê?

Jesus het vir ons 'n tweede kans kom máák. _____

Lees Lukas 13:6-9

Luk 13:6 Daarna het Hy hierdie gelykenis vertel: "'n Man het 'n vyeboom gehad wat in sy wingerd geplant was. Toe hy vrugte daaraan kom soek maar niks kry nie, :7 sê hy vir die tuinier: 'Kyk, dis nou drie jaar dat ek aan hierdie vyeboom vrugte kom soek, en ek kry niks nie. Kap hom uit! Waarom moet hy langer die grond uitput?' :8 Maar die tuinier antwoord: Meneer, laat hom nog hierdie jaar staan. Ek sal die grond rondom hom omspit en bemes. :9